HSH – ONS DOEN DIE GEWONE DINGE BUITENGEWOON!

WAARDE VIR KWARTAAL 2 – ENTOESIASME!

Nuusbrief 11/2021
18 Junie 2021

Geagte Ouers

Die volgende inligting is belangrik t.o.v. die halfjaarlikse toetsreeks/eksamen:

Vanaf Dinsdag, 22 Junie, sal die skool 08:00 begin en 13:00 eindig. Busse sal in die oggende 30 minute later vertrek en in die middae ‘n uur vroeër arriveer.

Skoolbestuur het besluit, in die lig van stygende Covid syfers, om die volgende maatreëls te implementeer vir die duur van die eksamen:

Die **Graad 4-groep** gaan vanaf Dinsdag, 22 Junie skuif na die **dogterskoshuis**. Ouers word versoek om hulle vanaf hierdie datum by die dogterskoshuis af te laai en ook in die middae daar op te laai. Leerders sal ook daar deur die Covid-protokolle van koorsmeting ens. gaan.

Die **Graad 5-7 graadgroepe** gaan vanaf Dinsdag, 22 Junie skuif na die **sportklubsentrum** by Hoërskool Hopefield se sportgronde. Ouers word versoek om hulle vanaf hierdie datum by die sportgronde af te laai en ook in die middae daar op te laai. Leerders sal ook daar deur die Covid-protokolle gaan.

Graad 11- en 12-leerders sal in die saal skryf, terwyl die Graad 8- tot 10-groepe in 10 klaslokale ingedeel sal word. Hierdie maatreëls word in plek gestel om tydens die verwagte piek van die pandemie die risiko’s te bestuur.

Verder is dit belangrik dat ouers leerderafwesigheid met groot omsigtigheid bestuur, veral tydens die toetsreeks/eksamen. Indien ‘n leerder isoleer a.g.v. ‘n Covid-toets OF wag vir die uitslag van ‘n Covid toets OF isoleer a.g.v. direkte kontak met ‘n Covid positiewe persoon, is geen dokters- of kliniekbrief nodig nie. In die geval van ‘n positiewe Covid toets, sal ouers die bewys van die uitslag na die skool moet stuur.

Indien ‘n leerder ‘n formele assessering mis a.g.v. enige ander siektetoestand, moet ouers ‘n dokters- of kliniekbrief na die skool stuur, anders gaan die leerder ‘n nul kry vir die assessering.

Ons lewe in uitdagende tye en my vermoede is dat die volgende paar weke vir nog groter uitdagings gaan sorg. Kom ons tree met groot verantwoordelikheid op en verseker almal se veiligheid!

Voorspoed!

Wehan Fourie (Skoolhoof)

HSH – WE DO ORDINARY EXTRA-ORDINARILY!

VALUE FOR TERM 2 – ENTHUSIASM!

Newsletter 11/2021
18 June 2021

Dear Parents

The following information is important with regards to the mid-year assessment:

From Tuesday, 22 June school will start at 08:00 and close at 13:00. Buses will depart 30 minutes later in the mornings and will arrive 1 hour earlier in the afternoons.

School management decided, with the current spike in Covid numbers in mind, to put the following measures in place for the duration of the examination/test series:

The **Grade 4 gro**up will be accommodated in the girls' hostel from Tuesday, 22 June. Parents are requested to drop learners at the **girls' hostel** in the mornings and pick them up there as well at the end of the school day. All Covid protocols will be followed at the venue.

The **Grade 5-7 grade groups** will move to the sports club centre from Tuesday 22 June. The centre is situated at the **HSH sportsgrounds**. Parents are requested to drop learners at the sportsgrounds in the mornings and pick them up there as well at the end of the school day. All Covid protocols will be followed at the venue.

Grade 11 and 12 learners will write in the school hall while the Grade 8 to 10 groups will be accommodated in 10 classroom venues. These measures are put in place to manage the risks during the expected Covid peak during the next few weeks.

It is also important for parents to manage school attendance with great responsibility during the test series/examination. If a learner isolates because of a positive Covid test OR is waiting for the result of a Covid test OR is isolating because of the direct contact with a Covid positive person, then a doctor's or clinic letter needs to be submitted. In the case of a positive Covid test, parents will have to submit proof of the positive result.

If a learner is absent from school during the exams/test series because of any other medical reasons, a doctor's or clinic letter must be submitted.

We live in challenging times and I suspect that the next few weeks will even be more challenging. It is therefore of the utmost importance that everyone in the HSH family will act with great responsibility to ensure that we all stay safe!

Best wishes

Wehan Fourie (Principal)